

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 69 Nr. 2



2de Kwartaal, 2021

70
2019

“want hy is ’n dienaar van God, ...”

ANC totalitêre beleid verwerp die Christelike owerheid as instelling van God

IN DIE SKRIFLIG:

Oorlog moet die laaste uitweg wees

Ps. 140:1-5

En die God wat vrede gee, sal met julle wees. – Filip. 4:9

Daar word aangevoer dat daar in die Nuwe Testament nie 'n enkele getuienis of voorbeeld is wat leer dat oorlog vir Christene geoorloof is nie. Daarop antwoord ek in die eerste plek dat die rede wat daar vroeër vir oorlogvoering was, nou nog bestaan. Daar is ook geen rede om die owerheid daarvan te weerhou om sy onderdane te beskerm nie. Ek wys ook daarop dat 'n mens in die geskrifte van die apostels geen opsetlike uiteensetting van dié sake moet soek nie. Dit is naamlik nie hulle bedoeling om 'n burgerlike regering te omskryf nie. Wel om die geestelike koninkryk toe te lig.

Bowendien word ook in die Nuwe Testament terloops aangedui dat Christus deur sy koms niks in dié opsig verander het nie. Want indien die Christelike leer (om die woorde van Augustinus te gebruik) alle oorloë veroordeel, sou Johannes aan die soldate wat hom om raad omtrent hulle saligheid gevra het, eerder gesê het hulle moet hulle wapens neerlê. En dat hulle hul heeltemaal aan die krygsdiens moet onttrek. Maar hy sê aan hulle: “Moet van niemand deur geweld of valse aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle besoldiging” (Lk. 3:14). Hy het diegene wat hy beveel het om tevrede te wees met hul verdienste, sekerlik nie verbied om krygsdiens te doen nie.

Maar alle owerhede moet hier uiters versigtig wees om nie in die minste aan hul emosies toe te gee nie. As daar straf uitgedeel moet word, moet hulle hul nie deur oorhaastige driftigheid laat wegvoer nie. Hulle moet hul nie deur haat laat meesleur en nie brand van onversoenlike strengheid nie ...

Alles moet eers probeer word, voordat die saak met wapens beslis word ... Deur verdrae moet die magte verenig word om die mensdom se gemeenskaplike vyand te weerstaan.

Inst. IV, 20, 12

Laat ons, as daar geveg moet word, ook dáárdeur na vrede en bestendigheid strew.

IN HIERDIE UITGAWE

In die Skriflig	bl 2
Redaksioneel	bl 3
Wat onder die begrip 'totalitarisme' verstaan word?	bl 3
Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid	bl 4
Die filosofiese herkoms/grondslae van die ideologie van totalitarisme en die deurwerking daarvan	bl 6
Wat is die uitwerking van totalitarisme op die Suid-Afrikaanse samelewing?	bl 8
Watter uitwerking het totalitarisme op die huisgesin, kerk en skool as instellings?	bl 10
Die logiese eindpunt van totalitarisme en hoe dit teenoor die ideaal van 'n Christelike samelewing staan?	bl 12
Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 36	bl 15
Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: Die staat in die ongelyk	bl 16
Die taak en rol van 'n Christenonderwyser	bl 18

Redaksioneel

Hugo Hayes

Die ANC-geleide owerheid en die wyse waarop hy sy regeertaak uitoefen, is onder die vergrootglas in hierdie uitgawe. Die uitoefening van die regeermag en -gesag van die staatlike owerheid oor sy territorium kan nie in absolute sin geld nie. Die regerende party staan, soos enige ander owerheid, onder verpligting om hom van die spesifieke bevoegdheid, gesag en mag soos aan die staat verleen te vergewis, met die oog op sy regeerskap. Die owerheid regeer met Goddelik-verleende gesag en mag en moet binne die perke van sy bevoegdheid optree.

Die fokus in heersende politieke omstandighede is op die verskynsel van totalitarisme, soos dit tans in Suid-Afrika manifesteer. Totalitarisme is 'n ideologie met 'n eeuelange geskiedenis in die staatswese. Totalitarisme as ideologie het oor die eeue heen in verskeie gedaantes oor die wêreld heen voorgekom, waarvan talle vermeld kan word, maar onder Kommunisme as die mees dominante, wat tot die dood van miljoene mense aanleiding gegee het. Suid-Afrika is tans geen uitsondering wanneer dit oor die oorgang na die totalitêre staat gaan nie. Alles dui daarop

dat die ANC-geleide regering van SA in die rigting van 'n totalitêre staat beweeg. Daar kan net een oogmerk daarmee wees en dit is dat die owerheid hom so wil posisioneer dat dit alle beheer en mag oor die samelewing sal kan uitoefen, sonder inagneming van die ander entiteite soos die gesin, kerk, skool ens.

Die staat is slegs een van die entiteitstrukture van die samelewing, wat ingevolge die beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring met beperkte mag beklee word. Sy opgelegde taak en kompetensie strek sover as die handhawing van die beginsel van die reg binne sy magsgebied, met die kwalifikasie dat dit die regsbelange van die burgers moet harmonieer. Die staatsowerheid word as 'n dienaar van God aangedui, wat die kwade moet teenwerk en straf (Rom 13). Die owerheid moet oor die regsbelange binne sy territorium waak op so 'n wyse dat dié wat goed doen lof sal ontvang, maar dié wat kwaad doen met die wraak van die owerheid bedreig word.

Owerhede wat hulle aan totalitarisme skuldig maak erken in die eerste plek nie God se absolute

gesag oor alles in die skepping heen nie (met inbegrip van alle magte en owerhede in die wêreld) en in die tweede plek ook nie die Bybelse verordening betreffende die staat se taak en roeping nie. Die regerende party in Suid-Afrika, indien hy sou voortgaan om op hierdie pad te volhard, is besig om teen God se verordening vir die owerheid te rebelleer en die inwoners, die burgers, wie hy veronderstel is tot diens te wees, met hom saam te neem op hierdie pad van vernietiging.

Die vraag wat die Christendom in SA en meer spesifiek die Christen-Afrikaner moet beantwoord is of ons, vanuit 'n Bybelse perspektief gesien, 'n gefundeerde antwoord op die dreigende krisis kan bied? In hierdie uitgawe word eers op verskillende aspekte van die manifestasie van totalitarisme gefokus. Daarna word gepoog om 'n voorlopige antwoord vanuit die Skrif te bied op wat van Kerk en Volk verwag sou kon word onder die heersende toedrag van sake. In 'n volgende uitgawe wil DV meer uitvoerig oor die vraagstuk van verset handel word.

Wat onder die begrip 'totalitarisme' verstaan word?

Geskiedenis van die staatswese

Daar word in die bestudering van die geskiedenis en in besonder dié van die staatswese met die begrip 'totalitarisme'¹ kennis gemaak. Totalitarisme staan, in onderskeiding van ander benaderings oor wat die staat bedoel is om te wees, as 'n aanduiding daarvan dat die staat die normatiewe perke van staatwees geheel en al

oorskry. In die beredenering van die staat en totalitarisme is dit van kardinale belang dat daar duidelikheid verkry moet word oor die staat as instelling en sy bevoegdhede, magte en pligte. Net soos met enige van die ander instellings van die samelewing die geval, het die staat sy eie bevoegdheidsterrein, waarbinne die regeerfunksie uitgeoefen moet word. Die staatsowerheid se bevoegdhede en magte is,

net soos enige van die ander instellings, nie absoluut nie, maar beperkend van aard, in Bybelse lig gesien. Onderdane moet hulle gewilliglik aan die gesag van die staat onderwerp, aangesien dit is wat God-Drieëinig van hulle verwag. As Christen-gelowiges gee ons volle erkenning aan die staat as instelling, met die verwagting dat die owerheid daarvan goed sal regeer en in die proses die eer waardig sal wees.

¹ Die term, *totalitarito*, is vir die eerste keer in die 1920's deur Benito Mussolini gebruik, met verwysing na fascistiese Italië.

Vervolg op bl. 14

Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

AWG Raath

Voorsitter, Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys

Massapsigose en valse ideologieë

Die greep van valse ideologieë op die harte van die massas noop Gustave le Bon om op te merk dat "(t)he masses have never thirsted after truth. They turn aside from evidence that is not to their taste, preferring to deify error, if error seduce them. Whoever can supply them with illusions is easily their master; whoever attempts to destroy their illusions is always their victim." Deur die eeue het die greep van afvallige ideologiese kragte telkens die massas tot histerie en selfs psigotiese neigings gedryf. Die vroom Noag was die slagoffer van die massapsigose van "Laat ons eet en drink en vrolik wees", terwyl die samelewing van sy tyd van kwaad na erger gegaan het – geen onsedelikheid was te groot en geen geweld was te erg nie. Bykans gehipnotiseer deur genotsug, geweld en sensualiteit kon geen pleidooi tot bekering en besinning die massas op hul ingeslane weg van stryk bring nie. Dieselfde openbare mening van histerie en massapsigose het die skare rondom Christus gedryf tot die omverwerping van die beginsels van reg en verkeerd. Skares onder die invloed van massapsigose het geen behoefte aan die waarheid nie en waansin dryf die massas dikwels tot die heksejagte van die Middeleeue, die bandelose doodslag en moorde van die Franse Revolusie en die wreedheid en massahisterie van die Russiese Revolusie. Massapsigose en psigiese wanbalans is algemene verskynsels by massas wat in die greep van kollektiewe waansin beland. Joost Meerloo beskryf politieke kondisionering met

die oog op totale oorname van die ideologiese denke van die individu as 'n omvattende aanslag: "Political conditioning should not be confused with training or persuasion or even indoctrination. It is more than that. It is taking possession of both the simplest and the most complicated nervous patterns of man. It is the battle for the possession of the nerve cells. It is coercion and enforced conversion. Instead of conditioning man to an unbiased facing of reality, the seducer conditions him to catchwords, verbal stereotypes, slogans, formulas, symbols. Pavlovian strategy in the totalitarian sense means imprinting prescribed reflexes on a mind that has been broken down. The totalitarian wants first the required response from the nerve cells, then control of the individual, and finally control of the masses. The system starts with verbal conditioning and training by combining the required stereotypes with negative or positive stimuli: pain, or reward."

In Suid-Afrika is die bevolking tans vasgevang in die waansin van EFF-geweld; patologiese vreesinboeseming van transit-rooftogte wat nie effektief deur die ANC-regime bekamp word nie; histerie oor die Covid-pandemie; dreigende ineenstorting van die nasionale elektrisiteitsnetwerk; die land se regeerhoof wat by sy Franse ampsgenoot 'n lansie probeer breek vir Arabiese selfbeskikking in Gasa, terwyl sy party 'n deelgenoot was aan 'n amptelike Akkoord ter verwesenliking van Afrikaner selfbeskikking in 1994 en dit sedertdien onder die mat gegee het; 'n regerende president wat met sy voorvinger benadruk



dat die grond van "voorvaders en voormoeders" sonder vergoeding en onmiddellik herneem moet word, met die sinspeling op die huidige irrasionele krite van sy party dat "koloniale grond" deur die stemvee van sy party en dié van die EFF herneem moet word. Waarskynlik het die Suid-Afrikaanse bevolking 'n stadium van massa-waansin bereik wat aan ideologiese geestesverlamming binne die konteks van uitgesproke Kommunistiese doelwitte grens.

Massapsigose en die opkoms van totalitarisme

Massapsigose neem verskillende vorme aan en word bepaal deur die kulturele en beskawingskonteks van die samelewings waarin massa-waansin posvat. Die religieuse dryfkragte wat 'n beskawingsetos bepaal is van omvattende en dringende aard. In sy werk *Psychology of Socialism*, beskryf Gustave le Bon die omvattende aard en invloed van lewens- en wêreldbeskouings – insluitend die psigotiese lewenskoerse wat soms die mensdom se doen en late stuur: "As soon as a belief is securely

established in the understanding it becomes the regulator of life, the touchstone of judgment, the director of intelligence. The mind can receive nothing new that does not conform to the new faith. Like Christianity in the Middle Ages and Islam among the Arabs, the prevailing faith sets its imprint on all the elements of civilisation, and notably on philosophy, literature and the arts. It is the supreme criterion; it explains everything. The *rationale* of all our knowledge, for the sage as well as for the fool, consists in nothing else than in carrying the unknown to the known; that is to say, to what we think we know. Comprehension supposes the observation of a fact, and then its co-ordination with the small number of ideas already possessed by the individual. We thus relate unknown facts to facts we believe ourselves to understand, and each brain accomplishes this relation according to the sub-conscious concepts which rule it. From the most inferior minds to the highest the mechanism of explanation is always the same, and consists invariably of introducing a new idea in the midst of already acquired conceptions.”

Ván die psigoses wat tot massa-histerie of kollektiewe waansin lei en die lewens van duisende mense verwoes, is dié van totalitarisme een van die ergstes wat 'n samelewing kan tref. Arthur Versluis beskryf totalitarisme as 'n fenomeen van totale gesentraliseerde staatsmag, gekoppel met die uitwissing van individuele menseregte in 'n totalitêre staat waarin 'n bevolking verdeel word in twee groepe: die magsugtige regeerders en die geobjektiveerde massas wat die slagoffers van totalitêre magsbeheptheid is. In totalitêre regimes is die bevolking verdeel tussen die regeerders en die

onderworpenes. Beide groepe ondergaan 'n transformasie: die regeerders word verhef tot bykans goddelike status; die onderdane word die onderworpenes van die patologiese magsugtige en neem die rol van onmondiges aan.

Totalitarisme neem die vorm aan van 'n transformasie van die menslike aard as sodanig. Volgens Joost Meerloo is daar ooreenstemming tussen die vreemde reaksies van die burgery van totalitarisme en hulle kultuur as geheel enersyds en die reaksies van geestelik siek skisofrene aan die ander kant.

Die transformasie van die massas

Sosiale transformasie vind plaas wanneer die burgery gedwee aanvaar dat hulle lot onafwendbaar is en dat hul geen beheer het oor hul lotgevalle in die hande van burokrate en heerssugtiges wat hul lewens bestuur en beheer nie. 'n Bevolking wat aanvaar dat die maghebbers van die dag oor die kennis, leierskap en insig beskik om die massas na die beloofde utopieë van voorspoed en veiligheid te lei, stel hulle makliker tot beskikking van die burokratiese heerssug van sulke politieke en ander maghebbers. 'n Samelewing waarin 'n kultuur van magsuitoefening, beheer en sosiale onstabiliteit voorkom en waarin die burgery tot onmondige onderdane gedegradeer is, staan bloot aan die gevaar van volkome en gedwee oorgawe aan totalitarisme in al sy vorme en aanvaar stilswyend hul lot as onderdrukte onderdane.

Die aanvang van totalitarisme

Waar begin die massapsigose van totalitarisme? By die heersersklas. Dit neem 'n aanvang by die waan dat hulle oor die vermoë, intelligensie en insig beskik om volkome beheer

oor 'n samelewing te neem; by die waan dat hulle 'n samelewing moet beheer en kontrole daarvoor uitoeven. Regerende elite kom onder invloed van Fascisme, Kommunisme of 'n ander ideologie wat utopistiese verwagtinge skep. Die volgende stap is om die bevolking te besmet met die massapsigose van totalitarisme. Die psigose is telkemale in die geskiedenis gebruik. Volgens Meerloo kan die massapsigose van totalitarisme slegs deur psigologiese beïnvloeding posvat. Massapsigose van verstandsbenuweling (“mentacide”) is 'n eeue oue aanslag teen die menslike denke en gees, maar dit neem telkens nuwe vorme aan. Dit is 'n georganiseerde sisteem van psigologiese intervensie en judisiële perversie waardeur 'n regeerklas hul eie opportunistiese opvattinge in die verstand van diegene wat hul wil gebruik of vernietig, plant. Reeds in 1986 het ek op die gevare van die breinspoeling van die Kommunistiese Freedom Charter gewys en die gevare wat dit as bloudruk vir die Suid-Afrikaanse samelewing inhou. Indertyd het selfs 'n latere regter van die Grondwethof dit as 'n belangrike deel van die politieke oplossing vir Suid-Afrika voorgelê. Die nuwe en moreel ontwortelde regering van F.W. de Klerk het dit nie as 'n wesenlike bedreiging beskou nie en voortgegaan om 'n selferkende Kommuniste en terroris wat op 144 aanklagte van terrorisme verhoor is, as 'n 'alternatiewe' leier van die massas vry te laat en om die gesag aan terroriste met 'n rekord van geweld en moord, oor te gee. Tans staan Suid-Afrika voor die werklikheid van volkskaalse Kommunistiese konfiskering van eiendom, nasionalisering van groot segmente van die ekonomie en totalitêre beheer buite die reikwydte van die howe.

Vervolg op bl. 7

Die filosofiese herkoms/grondslae van die ideologie van totalitarisme en die deurwerking daarvan

Wanneer op die herkoms van die ideologie van totalitarisme ingegaan word, kan dit sover terug as die filosofiese konsepsies van die Griekse denkers, Plato en Aristoteles, geneem word. Beide filosofe het die inrigting van die Griekse stadstaat (polis) van uitsonderlike belang vir die inwoners beskou, naamlik as die *hoogste vorm van menslike bestaan*.

Plato (427-327 vC)

Plato het die eerste grondslae vir die (stad-)staat gelê, waarop Aristoteles later voortgebou het. Plato se oplossing teen die bedreiging van die staat was dat dit aan die hand van 'n wysgerige struktuur opgebou moes word. Daar moes 'n filosofie spesifiek vir die staat en 'n nuwe gemeenskap van die staat ontwikkel word, waarin dit deur filosofe geregeer word. Dit moes 'n tot 'n geordende, opgevoede, samelewing aanleiding gee, waarin die burgery funksies verrig ooreenkomstig hulle natuurlike aanleg/vermoëns, *alles slegs in belang van die staat*.

Plato ontwikkel sy idee van die staat volgens drie eienskappe van menslike psigologie, soos hy dit verstaan het, nl. dié van die rede, dié van moed en dié van begeerte. Hierdie drie sou in die drie klasse of stande waaruit die staatlke gemeenskap opgebou moes word, neerslag vind. Dit wat oorheersend in die individu voorkom, het hom of haar geskik gemaak vir 'n besondere klasindeling. Daarvolgens het 'n indeling tot stand gekom van dié wat as hoogste klas in die regeeramp gestaan het, dié wat moes toesien dat die besluite van die regeerders uitgevoer word en dié wat in die liggaamlike en stoflike begeertes/behoefte moes voorsien, alles in belang van die staat. Die gemeenskapslewe was daarop afgestem dat die burgery hulle hoogste vervulling

deur deelname aan die prosesse van die staat moes vind. Ons vind hier reeds die eerste spore van 'n filosofiese beskouing wat die mens volledig aan die *realisering van die staat se behoeftes onderhorig gestel het*.

Aristoteles (384-322 vC)

Insgelyks het Aristoteles se staatsfilosofie belangrike implikasies ingehou, wat op totalitarisme aangestuur het. Aristoteles se argument was dat in die mens daar 'n stryd tussen die ongebonde stoflike elemente (materie) enersyds en die redelike siel (vorm) andersyds, woed, wat hom/haar ongeskik gemaak het. Die (stad-)staat as instelling was nodig om die mens tot die betragting van ware deug op te voed, d.w.s. geskik te maak. Aristoteles het derhalwe besondere klem op die deugdelike bestaan van die mens, ter verwesenliking van vorm, gelê. *Deur in die staat op te gaan sou die mens sy/haar volkome vorm bereik*.

Die mens word dus eers ten volle mens tot dié mate waarin hy/sy opgaan in, en hom/haar vereenselwig met die ideale van die staat. Die staat is die hoogste, die volmaakte gemeenskap, en alle ander samelewingskringe maak slegs maar ondergeskikte dele van die staat uit. Die beheer/seggenskap van die staat moes uiteindelik oor die ganse burgerlike lewe uitgebrei word. Waardeur die gesinslewe beheer moes word, die tempeldiens (godsdien) onder die staat se toesig gestaan het, en dit wat deur kinders gelees mag word, aan die staat se goedkeuring onderworpe was. *Slegs binne hierdie verbondenheid met die staat sou die hoogste einddoel van menslike lewe verwesenlik word. Dit het op 'n deur-en-deur totalitaristiese benadering neergekom*.

Middeleeuse Skolastiek (Ong. 500-1500 n.C)

Die ideologie van totalitarisme het nog veel later steeds sy invloed laat geld. Ook gedurende die Middeleeue en met die aanbreek van die Verligting en daarna vind ons die deurwerking daarvan, naamlik onder die natuurgenadeskema. Gedurende die Middeleeue, die tydperk van die Skolastiek, was die samelewing hiërgies, ooreenkomstig die beginsel van subsidiariteit gerangskik, met die staat aan die bopunt en alle ander instellings daaronder. Die staat was as die hoogste vorm van lewe vir wat as die natuurlike sfeer gereken was, beskou, met al die ander daaronder gerangskik, uitgesonderd die (Rooms-Katolieke) Kerk. Die Kerk het sy plek in die sg. bo-natuurlike sfeer van die genade ingeneem, wat nie vir die staat en ander instellings beskore was nie. Vir die instellings van die gesin, skool en alle ander, ten einde so na as moontlik aan die sfeer van die genade te kon kom, was dit egter nodig dat hierdie instellings *volledig in die staat opgaan/opgeneem word*, aangesien die staat die naaste aan die sfeer van die genade, en as voortrap tot die genade beskou was. *Weereens vind ons hier 'n totalitêre beskouing oor die staat, wat volkome beheer en mag in die natuurlike sfeer moes uitoefen*. Die gevolg daarvan was dat natuurlike sfeer van die samelewing toenemend aan sekularisasie uitgelewer was.

Friedrich Nietzsche (1844-1900)

Die Duitse filosoof, Friedrich Nietzsche, tel onder dié wat gedurende die tydperk van die irrasionalisme (19de eeu) na vore getree het. 'n Tydperk wat daaraan gekenmerk was dat in verset gekom was teen die oorheersing van die rede, die rasionalisme.

Nietzsche was daarop uit om alles wat deur middel van die rede tot filosofiese en godsdienstige waarhede gestel was, aan felle kritiek te onderwerp. Hy sluit hom in bepaalde opsigte by sy voorganger, Schopenhauer, aan, wat met die idee van die wil tot oorlewing vorendag gekom het, waarmee hy die aandag daarop wou vestig dat die werklikheid primêr as die menslike stryd om oorlewing getipeer moes word. Nietzsche se filosofie was ewe-eens op die menslike wil afgestem; by hom gaan dit egter oor tot die wil tot mag, wat sentraal gestel word. Nietzsche verwerp daarmee enige nosie

wat op swakheid dui en stel dat die wil tot onderwerping van die swakkere moet seëvier. Daardeur het Nietzsche die idee van die 'ubermensch' in Duitsland laat posvat wat hom moes laat geld by wyse van magsonderwerping. *Hieruit het opnuut die idee dat die staat as oppermagtig beskou word*, voortgespruit, met as uitloper dat die Duitse volk tot 'n superieure ras verhef word, wat uiteindelik tot *nazisme* in Duitsland gelei het. Nietzsche se filosofiese magsbeskouing was grootliks bydraend tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

Gevolgtrekking

Teen die voorgaande agtergrond tot die ontwikkelingsgang van die ideologie van totalitarisme, kan kwalik tot 'n ander gevolgtrekking geraak word as dat die regerende party in SA, die ANC, hom hiermee aansluit by die filosofies-historiese lyn van paganistiese denke deur die eeue heen. Hierdie denkpatroon erken nie die gesag van God en sy Woord nie, omdat hulle die staat as die hoogste gesag beskou en hulle daarmee op 'n pad van vernietiging nie net van die samelewing nie, maar ook van hulleself geplaas het, indien hulle nie tot besinning kom en hul daadwerklik bekeer nie.

Vervolg van bl. 5: Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

Die eerste stap op weg na totalitarisme: Breinspoeling en ideologiese geestesverlamming ('mentacide')

Vorbereiding van 'n bevolking vir ideologiese geestesverlamming ("mentacide") begin deur inboeseming van vrees. Vrees of angs word die platvorm van waar "mentacide" lanseer word. Dreigemente van ware of selfs fiktiewe aard word aangewend om die slagoffers vir hul onderwerping voor te berei. Vreesinboeseming is 'n handige instrument om 'n bevolking vir die massapsigose van totalitarisme te kondisioneer. Na elke vlaag van vreesaanjaging (byvoorbeeld aan die hand van Covid-pandemie) volg 'n kort periode van kalmte, waarna die volgende vlaag van vrees op die bevolking losgelaat word en so word die proses telkemale herhaal. Meerloos skryf dat elke vlaag van "psigiese terrorisme" die bevolking se emosionele energie dreineer. Publieke moraliteit verval en die psigologiese effek van elke nuwe propaganda-kampanje word sterker en dra by om die bevolking sag te maak vir totalitêre oorname. Die aanloop tot totalitêre oorname word gekenmerk deur propaganda, verwarrende mededelings

en vreesinboeseming, tesame met disinformasie en leuens oor die ware oogmerke van die maghebbers. Bevolkings se waaksaamheid word swakker, die wil om weerstand te bied verslap, inersie tree in en die bevolking word die willose slagoffer van die ideologiese oogmerke van die maghebbers. Verwarring dra by om die bevolking se waanbeelde te intensiveer. Wetgewing ter wegkalwing van bugervryhede is die volgende stap. Die Groot Leuen en herhaling van snert in omgewings van vrees en emosionele verwarring beskik dikwels oor meer gesag as logika en rasionaliteit. Terwyl die bevolking steeds op soek is na 'n rasonale teenargument, slaan die totalitariste toe met die volgende vlaag van ideologiese druktoepassing. Individue voel blootgestel, magteloos en word besmet met ideologiese verstandsverlamming ('mentacide').

Die tweede stap onderweg na totalitarisme: Massapsigose en totalitêre breinspoeling

Geen tydperk in die geskiedenis van die mensdom het oor soveel potensiaal beskik om 'n samelewing te lei na die psigose van totalitarisme nie. "Smart

phones", internet en sosiale media stel totalitariste in staat om hul aanslag te loods teen die denke van die massas. Talle mense onderwerp hulself vrywilliglik aan die regeerders se propaganda. Moderne tegnologiese skep die illusie dat die werklikheid waarna mens kyk die vanselfsprekende is en talle betwyfel dit nie. Tegnologie lei die mens voort en sleur hom saam – geen rus, geen meditasie, geen refleksie, geen sosiale kommunikasie en die tegnologiese oorlaai die sintuie met 'n konstante stroom stimuli. Mense betwyfel nie meer wat rondom hulle gebeur nie – die skerm gee aan hul al die antwoorde. Die maghebbers, wat ideologies tot totalitêre beheer verbind is, maak ruim van die tegnologiese hulpmiddels ter bevordering van massapsigose en breinspoeling gebruik.

Die derde stap na totalitarisme: Onderbreek normale sosiale interaksie

Geïsoleer en sonder sosiale interaksie word die mens die slagoffer van waanbeelde, vrees en massapsigose. Sosiale isolasie lei daartoe dat individue kontak met die positiewe voorbeeld verloor, terwyl geforseerde

Vervolg op bl. 9

Wat is die uitwerking van totalitarisme op die Suid-Afrikaanse samelewing?

Totalitarisme laat geen samelewing nie en ook nie die instellings waaruit dit saamgestel is ongeskonde nie. Die bestaan van ander instellings as die staat word deur die totalitaristies-gesinde owerheid as 'n bedreiging beskou, aangesien dit daarop mag neerkom dat die ander instellings nie noodwendig die staat se politieke oortuigings en beleidsrigtings goedkeur nie. Dit sou ook beteken dat daar andere binne die magsgebied van die staat mag wees met ander lewensbeskoulike oortuigings, wat in konflik met dié van die staat mag wees. Die huldiging van 'n ideologie soos totalitarisme staan immers in direkte verband met lewensgevaarlike lewensbeskoulike uitgangspunte soos deur die Kommunisme en die Marxisme voorgestaan.

Die uitstaande kenmerke van totalitarisme is die beheptheid met heerssug en magsug. Solank daar nog binne die magsgebied van die totalitêre staat instellings soos die huisgesin, die kerk en die skool bestaan aan wie ook gekwalifiseerde mag en gesag toegereken word, beteken dit dat die mag waaroor die staat beskik beperk word, sodat daardie instellings nog oor die bevoegdhede beskik om besluite te neem en optredes te volg wat nie noodwendig in pas sou wees met die beleidsrigtings van die staat nie. Die totalitêre staat wil oor die absolute mag beskik om ook oor daardie instellings beheer en seggenskap te kan uitoefen. Die wyse waarop daar, byvoorbeeld, keer op keer deur die premier van Gauteng ingegryp word in die bestuur van skole in daardie Provinsie is tiperend van die staat se magsbeheptheid in hierdie verband.

'n Tweede kompliserende faktor uit die oogpunt van die staat gesien,

is dat die regerende party van SA ook terdeë daarvan bewus is dat daar onder bepaalde segmente van die bevolking godsdienstige en lewensbeskoulike oortuigings bestaan, wat in stryd is met die ideologiese oortuigings van die maghebbers. Afgesien van ander, wat oortuigings sou huldig waarmee die regerende party nie gediend sou wees nie, is daar die gegewenheid dat die bepaalde religieus-kulturele agtergrond waaruit die maghebbers kom, in direkte konflik verkeer met dié waaruit, byvoorbeeld, die Christen-Afrikaner van gereformeerde oortuiging kom. Dit is in der waarheid religie wat teenoor religie te staan kom en die teenoorstellende aanspraak van die koninkryk van die Lig en dié van die duisternis moet derhalwe verreken word (tese – antitese). Dit is onvermydelik dat daar botsing van belange sal wees.

Soewereiniteit-in-eie-kring

Dit bring 'n mens by die belangrike beginsel van soewereiniteit-in-eie-kring (s.i.e.k.) wat as gevolg hiervan in Suid-Afrika ernstig in die gedrang gekom het. Dit is 'n universele beginsel wat reeds in die twintigste eeu en vroeër gevestig is in die Nederlandse beskouing oor die samelewing en die staat en waarop daar in Westerse beskawings voortgebou word. Dit betref naamlik die eiesoortigheid van instellings en verbande waaruit 'n beskaafde, gedifferensieerde, samelewing saamgestel is. In hierdie verband word gewys op die gegewe van die selfstandige bestaan van instellings soos die huisgesin, kerk en skool/universiteit naas die staat.

Die bekende staatsman, Groen van Prinsterer (1801-1876), en die teoloog en staatsman, Abraham Kuyper (1837-1920), van Nederland het die beginsel

reeds in die voorafgaande eeu gestel dat hierdie instellings elk oor 'n eie soewereine bevoegdheid beskik om naamlik te kan wees wat hulle bestem is om te wees, sonder oorheersing deur enige van die ander. Die gesin, skool, kerk en staat beskik elk oor 'n eie bevoegdheidskompetensie wat hulle van mekaar onderskei. Dit is 'n beginsel wat vir die struktuurgegewe van die skepping geld, soos God dit verordineer het. So kan die gesin nie die skool wees nie en die staat kan ook nie alles vir almal wees nie, maar word tot sy eie bevoegdheidsfeer nl. die juridiese beperk. Wanneer die staat vir die kerk en skool wil besluit en voorskryf, is dit 'n growwe oorskryding van sy eie bevoegdheid. In sy *Wysbegeerte van die Wetsidee* het die Nederlandse filosoof, Herman Dooyeweerd (1894-1977), die s.i.e.k.-beginsel vir die skepping sistematies-wetenskaplik uitgewerk en begrond, waaruit die onderskeidinge maar ook die samehange duidelik blyk. Die skool word daarom onderskei van die staat en so ook die ander instellings of verbande van mekaar, elkeen kragtens hulle unieke eiesoortigheid.

Slotgedagte

In ons SA-samelewing het die regerende party reeds herhaaldelik getoon dat hy hierdie beginsel en die bestaan van hierdie onderskeidinge nie eerbiedig nie, maar die staat bo enige ander beginsel verhef. Die beginsel van afgeleide, beperkte, gesag waaroor die staat in Bybelse sin behoort te beskik maak geen indruk op die ANC nie, deurdat daar bloot voortgegaan word met die stelselmatige onderdrukking/onderwerping van die samelewing, onder die waan dat dit geen gevolg vir die party inhou nie.

Vervolg van bl. 7: Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

isolasie positiewe en kritiese refleksie verminder. Individue kan in isolasie makliker in nuwe denkpatrone gekondisioneer word. Pavlov het reeds gevind dat die gekondisioneerde refleks makliker ontwikkel in 'n laboratorium met minimum steurende stimuli. Meerloo skryf in sy *Rape of the Mind*, die totalitêre maghebbers volg dié voorbeeld en hulle weet hulle kan hul politieke slagoffers die maklikste kondisioneer indien hulle in isolasie gehou word. Alleen, verwar en ontsenu deur vlae van vrees, word die bevolking kwesbaar, onkrities en pateties: die nimmereindigende stroom van propaganda verander rasonele denke; die massas hunker na orde en politieke maghebbers bied die oplossing: Terugkeer na orde! Totalitêre orde! Massas moet hulle vryheid prysgee en die regerende elite moet alle mag ontvang. Mense moet hulle mondige selfbesluitneming prysgee en volkome afhanklik word van die regerende elite. Hulle word afhanklike en onderdanige onderdane. Meerloo skryf dat in die finale aanslag die massas die totalitêre psigose deel van hulle daaglikse bestaan moet maak. Die maghebbers spreek hul seën uit oor die massas se onderwerping aan die totalitêre etos: Totalitarisme is die mens se ontsnapping van die verskriklike werklikhede van die lewe na die virtuele baarmoeder van stille en gedwee aanvaarding van die nuwe aardse messias wat elke troon in die samelewing bestyg. Mense hoef nie meer verantwoordelikheid vir hul eie lewens te neem nie want die orde en logika van die prenatale werklikheid van gedwee berusting skep 'n virtuele vrede en stilte – die vrede van volkome onderwerping!

Die bedreiging van die ANC se sataniese totalitarisme

Terwyl ek hierdie teks skryf ontplooi die ANC se sataniese en diaboliese werksaamhede volstroom in beleidstukke en konsepwetgewing. Die ANC is een van die grootste georganiseerde misdadkartelle in die wêreld. Vanuit sy posisie as die regering van Suid-Afrika is die ANC uitstekend geplaas om georganiseerde misdaad vir sy partylede se voordeel van stapel te stuur. Daar word bereken dat die ANC die afgelope aantal jare alleen meer as R3triljoen deur misdaad 'verdien' het en in die proses die hele landseconomie tot op die rand van die finansiële afgrond gebring het. Om sy totalitêre tentakels oor die hele spektrum van die landseconomie uit te brei verg die vernietiging van individuele vryheid op massaskaal. Terwyl hierdie teks geskryf word is die ANC-regering in die proses om drie diaboliese projekte in die gedaante van die reg op die land los te laat. 1. In medewerking met sy revolusionêre 'buit-vennoot', die EFF, is die proses volstroom aan die gang om private bates deur middel van onteiening sonder vergoeding te bekom. In die mees onlangse parlementêre wending, laat die ANC siende oë toe dat die hele inhoud van artikel 25 van die Grondwet geplunder word en private eiendomsreg as buit aan die grypsug van die revolusionêre massas uitgelewer word. Sels kerke sal in die spervuur kom. In 'n onlangse boodskap van Bheki Cele, Minister van Polisie, verklaar hy na bewering: "We're fighting a pandemic here, we're not playing hide and seek, Christians will go back to continue with their play after everything has settled, they have been given more than 2000 years to prove their usefulness

towards mankind, yet the world is disastrous, and miserable. It's now time for Africa, we may even consider closing down church buildings, and convert them to libraries, we have built more churches than libraries, and now the world need more of scientists and doctors to fight covid-19, but all we have to offer is a bunch of believers in blind faith." 2. Om die eiendom op groot skaal te nasionaliseer, moet die bevolking ontwapen word. Vir dié doel word 'n wysigingswetsontwerp met die oog om privateienaars van vuurwapens aan die sataniese totalitêre uit te lewer, inderhaas saamgeflans: Geen wapens mag vir selfverdediging besit word nie. Jag en sportwapens word beperk. Veral haelgewere en handwapens word geteiken. Besit van herlaaitoerusting word 'n misdaad, dus geen herlaai van ammunisie is ingevolge die wetsontwerp toelaatbaar nie. Geen wapens mag vervoer word sonder 'n spesiale permit nie. By effek het transitorowers en mobiele misdadigers dan 'n vrye hand om te moor en te steel na hartelus. Geen persoon mag meer as 100 rondtes ammunisie per wapen in sy besit hê nie. Private wapenversamelings word in totaliteit geskrap en net publieke versamelaars word erken. Die minister kry wye magte om die invoer van wapens en ammunisie te beperk. 3. Om 'n bevolking onder totalitêre beheer te kry, is inligting nodig en staatspioenasie van die bevolking word 'n belangrike amptelike staatsaktiwiteit. In 'n bisarre nuwe konsep-beleidstuk oor data word die staat tot mede-eenaar gemaak van alle data wat gegeneer word deur die private sektor – die spioenasiestaat is nou voor die deur. Op 1 April 2021 verklaar dié beleidstuk van die regering by effek dat alle data

Vervolg op bl. 11

Watter uitwerking het totalitarisme op die huisgesin, kerk en skool as instellings?

Verhouding gesin/kerk/skool/staat

In die beantwoording hiervan moet vooraf bepaal word watter mate van direkte/indirekte belang die staat sou hê in die gesteldheid van die huisgesin en skool/universiteit. Die gesin en skool/universiteit is unieke instellings wat met opvoeding, onderwys en wetenskap gemoeid is. Die gesin is onvervangbaar, aangesien geen ander instelling – nie eens die skool nie – die roeping en taak van die ouers en ander gesinslede durf oorneem nie. Jong kinders word aan ouers toevertrou, wat hulle gedurende die eerste jare van hul kindwees moet begelei binne die intieme kring van die gesinsverband. Geen ander instelling kan in ruimer sin van die woord hieraan beantwoord of uitvoering gee nie. Die skool/universiteit is weer op unieke wyse toegerus vir die fase van formele onderwys en akademiese opleiding, omdat hulle oor eiesoortige bevoegdhede en magte beskik wat nie by enige van die ander aangetref word nie.

Die kerk sou wel kon toetree waar dit oor die onderrig van die geloofswaarhede in die gesin gaan, maar kan nie die gesin vervang nie. Die staat sou weer kon toetree waar die regte van gesinslede en die toepaslike verordeninge van die staat in die gedrang kom, maar kan ook nie beheer van die gesin neem nie, ter illustrasie. Die belang van beide kerk en staat by die opvoeding wat binne die gesin plaasvind word erken, ten einde te verseker dat (i) gesinslede in die Christelike geloof en (ii) burgers wat hulle aan die verordeninge van die staat gebonde ag, opgevoed word. So sou deur die staat ingegryp kon word

waar daar nie na behore binne die gesin na die belange van kinders omgesien word nie. Dan het ons egter met buitengewone omstandighede te doen, waar besluit moet word wat in die beste belang van kinders sou wees. Hierdie regte waaroor die staat beskik is vanselfsprekend, maar dit beteken allermens dat die staat die unieke rol van die gesin sou kon oorneem.

Op die staat rus die verantwoordelikheid dat waar daar opgetree moet word ter beskerming van die belange van die individu/gemeenskap, dit so moet geskied dat wetsgehoorsame burgers hulle daarmee kan vereenselwig. Die staatsowerheid wat goed regeer, asook ander owerhede, soos dié van universiteite, het 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap dat alles ordelik volgens die tersake wetgewing gereël word. Die gemelde owerhede staan onder geen regsverpligting om radikales en ander onordelikes ter wille te wees nie, maar moet teen sodaniges optree met die Bybelse gesag daaraan verleen.

Blatante inmenging en ver-grype

Binne die heersende Suid-Afrikaanse staat vind ons egter net die teenoorstaande benadering as hierbo geskets. Die staat se hantering van, byvoorbeeld, kulturele en onderwysbelange in SA in onlangse jare, moet as die eerste aanduidings gesien word dat die staat nie van voorneme is om binne die grense van sy eie bevoegdhede en magte te bly nie. Daar is gedurende afgelope dekades herhaaldelik op blatante wyse ingemeng in die behartiging van eiesoortige kulturele belange, deur ondermeer die aantasting

van die Afrikaner se kultuurerfenis en eien -domlikhede. Voorts, die ongevraagde en onregmatige inmenging, waar daar voorskriftelik opgetree was/word in die administrasie van die onderwys van SA en die bestuur van individuele skole. Dit moet alles as aanduidings gesien word dat die eiestandigheid van kultuur- en opvoedkundige instellings deur die staat misken en onder staatsoorheersing ingedwing wil word.

Verswelging van samelewings-instellings

Wanneer, soos tans in SA, die staat hom tot totalitarisme begin wend in die uitoefening van sy magsposisie en regeeramp, kom al die ander instellings van die samelewing ernstig in die gedrang. Met totalitarisme het ons met 'n nog veel meer ekstreme toestand van magsbehepthed te doen, waar die staat alles vir homself wil inpalm, wat geen van die ander instellings onaangeraak sal laat nie. Dit is veral t.o.v. die gesin, kerk en skool/universiteit dat die staat homself dan meedoënloos laat geld; m.a.w. daardie instellings wat nog as bastions sou kon dien teen totale staatsbeheer; waar daar nog lewensruimte sou kon wees vir 'n kerngesonde gesinslewe, vir betekenisvolle aanbidding en lewensgemeenskap (die kerk) en virdielewensbeskouliketoerusting van ons kinders en jongmense (die skool). Die totalitêre staat steur hom eenvoudig nie aan die bestaansreg, bevoegdhede en magte van hierdie samelewingsinstellings nie, maar wil sy mag en gesag daarvoor uitbrei, sodat volle beheer en seggenskap daarvoor uitgeoefen kan word.

Miskenning van individualiteit en verskeidenheid

Die regerende party se voortstuwung op 'n totalitaristiese staatsopset af hou 'n ernstige bedreiging vir sowel individualiteit, asook verskeidenheid in. Beide hiervan is in God se skeppingsverordening bevestig. Daar is ruimte vir die individuele, maar daar is ewe-eens ruimte vir die verskeidenheid, binne

die normatiewe kaders vir skepselwees. Die individu en individuele strukture (gesin/kerk ens.) het elkeen die reg op 'n eie bestaanswyse wat normatief moet beantwoord en wat verskil van dié van die staat. Volgens die ANC se totalitêre beleidsbenadering tot die samelewing/staat sal individue en -strukture uiteindelik gedwing word om aan die 'normatief' van

die staat te moet beantwoord en nie aan die Bybels-normatiewe eise vir skepselwees nie. Individue en individuele strukture sal in 'n totalitaristiese staatsopset nie kan wees wat hulle bestem is om te wees nie, naamlik dat hulle normatief aan die unieke wyses van bestaan soos wat God dit vir sy skepping verorden het, moet beantwoord.

Vervolg van bl. 9: Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

nou aan die staat behoort. Van hierdie Konsep Nasionale Beleid oor Data, in die Staatskoerant afgekondig deur die Minister van Kommunikasie en Digitale Tegnologieë, Stella Ndabeni-Abrahams, skryf Ivo Vegter: "At the core of the policy is the creation of Big Brother. ... In one of the clearest statements of expropriation yet, it says that 'all data generated within South Africa is the property of South Africa'. It doesn't belong to whoever invested in generating it, but to the country as a whole." Hy vervolg: "This would establish the kind of surveillance database that totalitarian despots can only dream of. Imagine all data – financial, legal medical, journalistic, commercial, industrial and personal – being freely available to be shared by government entities, including law enforcement and state security." Van dié beleidstuk het die Kaapse Kamer van Koophandel gesê: "(I)t [is] a 'Snooper's Charter, one more nail in the coffin of individual freedom in South Africa." 4. Advokaat Nadene Badenhorst beskryf die nuwe PEPUDA-wysigingswetsontwerp as die grootste bedreiging van godsdiensvryheid in Suid-Afrika tot op hede: kontrole oor plekke van aanbidding en godsdienspraktisyns, asook die staat wat verhef word tot die finale arbiter oor godsdienspraktyke is die voorland van Suid-Afrikaners.

So kan die sataniese inbreuk op burgerlike vryhede wat in die vooruitsig gestel word, vermenigvuldig word. Sataniese totalitarisme wat beheer en mag toe-eien en hulself tot gode verhef.

In Suid-Afrika wat steier onder onbesonne afsluitingsmaatreëls, georganiseerde ANC-misdaad en landswye geweld, tree die Leviathan van totalitêre beheer en viktimisering onverbloemd na vore en F.W. de Klerk se onverantwoordelike en onbesonne uitlatings dat die staatsmag in 1994 nie aan die ANC oorhandig is nie, maar aan die Grondwet, laat mens stik van verontwaardiging dat goedgelewige kiesers indertyd met 'n 'ja-stem' blindelings agter die fluitspeler van Hameln kon aanloop, reguit na die afgrond van Kommunistiese totalitarisme.

Oorlewing in 'n totalitêre samelewing

Die orde van 'n totalitêre samelewing is 'n patologiese orde. Deur streng uniformiteit te handhaaf vereis dit blinde gehoorsaamheid. Totalitarisme vernietig spontaniteit en kreatiwiteit wat beskawingskragte voortstu. Totalitêre beheer bring stagnasie, vernietiging en dood – dit skry teen die geskape menslike natuur en die hunkering na vryheid en verantwoordelikheid. Kan die massa-patologie en -psigose

omgekeer word? Kollektiewe geestelike kranksinnigheid kan behandel word. Die terapie van die psigoloog Karl Jung gee belangrike aanduiders van die behandeling wat die massapsigose van totalitarisme kan omkeer. Eerstens, skep orde in jou eie denke en dien as inspirasie vir ander. In sy werk *Civilisation in Transition*, skryf Karl Jung dat die huidige era nie verniet hunker na 'n verlosser-persoonlikheid en emansipasie van die greep van kollektiewe patologiese moraliteit nie; dat ons onsiel kan red van massapsigose en as ligbakens van hoop vir andere kan dien, en dat daar minstens enkelinge is wat hul kan loswring van die noodlottige greep van die groep-psigose en patetiese onderworpenheid aan totalitarisme. Tweedens, versprei die inligting wat die werklike aard van die totalitêre etos blootlê. Totalitêre maghebbers vrees die vrye vloei van inligting en die ooredingskrag van die waarheid. Derhalwe word stappe geneem om inligting te monitor, politieke kommentaar te sensureer en verspreiding van inligting te monitor. Derdens, moet die krag van alternatiewe strukture benut word. Volgens Václav Havel funksioneer parallelle strukture meer effektief as politieke instellings in 'n totalitêre omgewing. In sy werk *The Power of the Powerless*, verklaar Havel:

Vervolg op bl. 13

Die logiese eindpunt van totalitarisme en hoe dit teenoor die ideaal van 'n Christelike samelewing staan?

Gegewe die uitgangspunte van totalitaristiese ideologie, is dit die konsekwensie dat die staat tot enigste en absolute entiteitstruktuur van die samelewing verhef word. Dit vloei voort uit die beskouing dat die staat oor al die outoritêre mag beskik om alle burgerlike belange wat daar mag bestaan in die nasionale owerheid te sentraliseer, ten einde beheer daarvoor te verkry en uit te oefen. In Suid-Afrika sien ons tans hoedat hierdie proses van magsentralisering deur middel van dwangmaatreëls en drakoniese wetgewing besig is om op inwoners afgeforseer te word. Die eerste stap onderweg daarheen was om die politiekemag by wyse van 'n meerderheidstem te verkry in 'n sg. demokratiese verkiesing. Die tweede stap is om die magsinstrumente waarvoor die staat beskik, dusdanig te monster dat daar uiteindelik met burgerlike regte en vryhede weggedoen kan word.

Dit gebeur alles onder die dekmantel dat die staat oor die juridiese prerogatief beskik om by wyse van die parlement as wetgewende gesag, wetgewing tot hierdie effek (magsoorheersing) uit te vaardig. M.a.w., indien die parlement as "hoogste gesag" wetgewing sou uitvaardig wat nogtans téén alle beginsel indruis, die nodige legitimitéit teen wil en dank daaraan geheg moet word. Die regerende party in die SA-parlement, die ANC, bevestig eerstens daarmee dat hy geen ontsag vir burgerregte/vryhede in terme van die Grondwet betoon nie. Tweedens dat hy 'n minagting openbaar vir die instellings van partikuliere belange (gesin, kerk, skool)

en selfs bereid is om daardie belange d.m.v. wetgewing op te skort. In die jongste tyd sien ons o.m. die volgende na vore kom in wetsontwerpe van die regering wat tans op die tafel is:

Die nasionale gesondheids-versekeringsplan, waarin daar eintlik geen versekeringe opgesluit is nie, maar wat ten doel het dat gesondheid genasionaliseer word en die private gesondheidssektor bates van meer as R90miljard aan 'n regering met 'n onbevoegde departement sal moet oordra.

Ingrypende wetgewing, waardeur die beginsel van omvattende eiendomsreg in die land tot niet gemaak sal word, sodat die staat alleen daarvoor beskik en alle beskikbare grond t.g.v. die staat oorgedra word, sodat die staat as gewaande voog daarvan kan optree, maar wat landboukundige en verwante sektore sal vernietig.

Die beoogde gelykheidswet wat met nuwe definisies van sg. 'diskriminasie' op veral kerklik-godsdienstige terrein, godsdiensvryheid en vryheid van spraak kan vernietig.

Die voorgestelde ontwapening van alle wetsgehoorsame vuurwapeneienaars, wat hulle weerloos sal laat in die aangesig van toenemende misdadigheid en slegs die wetteloses sal bevoordeel.

Die beplande nasionalisering van die internet in SA, ens., ens.

Dit is maar enkele van die stukke wetgewing waarvan sommige in ontwerp stadium is, met die oog op die ontneming van die regte en vryhede van die individu en van instellings/organisasies wat daar is om die georganiseerde bestaanspesifieke belange van die landsburger te behartig en private inisiatief te bevorder. In die essensie van al die beoogde stukke wetgewing word die verskuilde agenda van die regerende party gaandeweg al

hoe duideliker. Dat naamlik, die lewens van wetsgehoorsame burgers van die land tot daardie mate aan bande gelê word, dat hulle regte en vryhede opgeskort word en hulle geheel-en-al aan die willekeur van die staat uitgelewer sal wees. Hulle word in effek tot marionette van die staat gedegradeer wat voortdurend na die pype van die staat sal moet dans.

Waartoe sal die totalitaristiese aanslag op die SA-samelewing ons uiteindelik bring? Totalitarisme hou geweldige negatiewe gevolge vir enige samelewing in, hoe 'n mens ookal daarna sou kyk. Die samelewing in sy geheel kom onder die dwingelandy van die staat, met aanwending van alle mag waarvoor die staat beskik, met gepaardgaande onderdrukkende maatreëls. Dit is onder die magsugtige uitgieting van totalitarisme dat alle Bybelse perspektief en uitsig op die staat se ware roeping en taak uit die oog verloor word.

Totalitarisme en 'n Christelike samelewing

Die knelvraag wat ten slotte beantwoord moet word is: hoe staan die totalitaristiese staat ten opsigte van die ideaal van 'n Christelike samelewing, soos o.m. deur die VCHO voorgestaan? Dit is hier waar die Christendom (nou ook in Suid-Afrika) voor die naakte werklikhede te staan kom van welke skrikwekkende omwentelinge deur 'n totalitaristiese bedeling teweeggebring sal word. Dit moet nadruklik beseef word dat die totalitêre staat uiters onverdraagsaam teenoor enige 'afwykende' godsdienstige en lewensbeskoulike oortuigings

wat daar in die samelewing mag voorkom, sal reageer. Slegs dit wat as koherent tot die staat se ideologiese denkraamwerk opgeneem sal kan word, sal geduld word. In ag genome die feit dat die owerheid van die totalitêre staat alle begronding oor wat die roeping en taak van die staat behoort te wees, verwerp, kan daar nie verwag word (i) dat ons Christelik-gereformeerde beskouing oor die samelewing/staat enige gewig sal dra nie en (ii) daar enige ruimte gemaak sal word vir lewensbeskoulike uitgangspunte wat nie met die staat se ideologiese denkraam versoen kan word nie.

Die verantwoordelikheid van die staat in terme van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* is duidelik: "Hulle amp is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook om die hand te hou aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris ten gronde te rig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen gedien en geëer word, ..."

Met 'n totalitêre staat egter, word die Goddelike orde omvergewerp en kan daar geen sprake meer wees van 'n Christelike samelewing nie. Die owerheid van 'n totalitêre staat stel hulle daarmee teen God en sy Woord op en verwerp die normatiewe struktuurbeginsels vir die staat as instelling. Die oersonde van die mens tree hier opsigtelik weer na vore: die mens wou méér wees as waartoe God hul bestem het. So wil die owerheid van die totalitêre staat ook méér wees as waartoe God dit verordineer het.

Vervolg van bl. 11: Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

Wat anders is parallelle strukture as terreine waar 'n alternatiewe lewe gevoer kan word, 'n lewe wat in harmonie is met sy eie doelstellings en wat homself struktureer in harmonie met daardie doelwitte? Dit is vorme van sosiale self-organisasie deur segmente van die samelewing, om hulself te bevry van totalitarisme en hulself te onttrek van die totalitêre stelsel? Vierdens, om volledige verval tot totalitarisme te verhoed, is massa-optrede en kollektiewe inisiatiewe ter herwinning van vryheid belangrik – 'n moeisame weg maar, soos Thomas Paine in sy werk *The American Crisis* dit stel: "Tyranny like hell, is not easily conquered; yet we have this consolation with us, that the harder the conflict the more glorious the triumph."

Bybelse verzet teen ideologiese geestesverlamming

Die algemene wenke vir oorlewing in totalitêre stelsels hierbo genoem het egter weinig kans op sukses, indien dit nie vanuit die geesteskrag in die harte van Reformatoriese strydgenote aangedryf word nie. Om dié geesteskrag te versamel moet die oog minder op die

chaos en sataniese mensewerk gevestig word, meer na Bo en die Lig vir die pad en die Lamp vir die voet. Gereformeerde strydgenote het eeue se geskiedenis en ervaring van totalitêre magsug, onderdrukking, vryheidsberowing, geloofsvervolging en martelaarskap. Ten spyte daarvan versamel God Sy kinders en strydgenote teen die wêreld se maghebbers en sataniese magsugtiges. Met die Woord van God in die hande en harte van gelowiges, kon die bloeddorstige Nero nie daarin slaag om die Christen-martelare uit te wis deur verbranding en as prooi vir uitgehongerde leeu te voer nie. Terwyl Christen-martelare die lof van God op brandstapels besing en vir hul vervolgers bid, kon die Roomse vervolgers van Reformatoriese Christene nie hulle belydenis stilmaak nie. Ten spyte van konsentrasiekampe in die sneeuvelde van Rusland, kon die revolusionêre totalitêre Kommuniste nie die belydenis van Christen-belyders uitdoof nie.

Op grond van die Woord van God het die Reformatoriese Hugenote die beginsel van soewereiniteit van samelewingsinstellings ver-

kondig, ingevolge waarvan elke samelewingsinstelling 'n vryheid in eie bevoegdheid het om volgens die strukturele aard daarvan in vryheid sy regte en belange na te streef en uit te leef. Die erns van die vervolgings van Christene tydens die vroeë Reformasie het gemeentes wat van die vervolgers weggebreek het, spoedig gebring tot openlike protes teen die totalitêre beheer waaraan hulle onderwerp is. Die Nederlandse Gereformeerde stryder, Groen van Prinsterer, se boek *Ongeloof en Revolusie*, is steeds so aktueel en relevant as wat dit teen die middel van die negentiende eeu was: revolusie is ongeloof; dit druis in teen die Evangelie en behoort op alle fronte met alle geestelike en fisiese kragte beveg te word. Die belangrikste: Die krag van gebed het volke en bevolkings van finale instorting in die put van totalitêre besetting en oorheersing tot weerstand en geestelike ontwaking gebring. Wesley Duwel skryf van gebed: "Prayer is the final armament. Prayer is a form of spiritual bombing to saturate any area before God's army of witnesses

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 3: Wat onder die begrip 'totalitarisme' verstaan word

Die staatsowerheid

Die Woord van God eis van ons as onderdane dat ons aan die owerhede die nodige eerbied sal betoon: Pred. 8:2: "Neem die bevel van die koning in ag, en wel ter wille van die eed by God."; Pet. 2:13: "Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening, ter wille van die Here – of dit die koning is as opperheer ..."; Rom. 13:1: "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel."

Dit is belangrik dat gekonstateer moet word dat in soverre as wat daar owerhede sou wees wat binne die perke van hulle bevoegdhede en magte regeer, dit 'n staatkundige opset tot gevolg mag hê waar daar betreklike orde heers. Daar sal in hierdie in-sonde-gevalle bedeling waarskynlik moeilik 'n situasie bereik word waar owerhede oorwegend regeer ooreenkomstig die universeel geldende beginsels vir die staat. Wanneer daar egter owerhede bestaan/tot stand sou kom, waar gevra word na die God-gewilde verordening vir die staat, sal dit sonder twyfel tot ware seën van die inwoners van die land wees. 'n Regsinnige heerser of owerheid verdien aanprysing, aangesien dit regering sal meebring wat die onderdane ten goede sal strek. Daarby moet dit benadruk word dat die uitdruklike roeping en taak van die staat daarin bestaan dat daar ooreenkomstig die beginsels wat deur God self vir die staat bepaal is, geregeer moet word. Dit beteken dat die owerheid van enige staat noodwendig sal moet vra na die beginsels waarvolgens geregeer behoort te word, soos dit uitdruklik vir die staat as instelling van God geld (Rom. 13).

Die geskiedenis van die staatswese bied ongelukkig aan ons 'n weergawe waarvolgens oor

die eeue heen, daar heersers of regerings opgetree het wat die bevoegdhede en magte van die staat in 'n mindere of meerdere mate tot buitensporige uiterstes gedryf het as waartoe dit geregtig was. Daaruit word dit duidelik dat die owerhede van sodanige state die Goddelike verordening vir die staat óf glad nie begryp het nie, óf dit blatant geïgnoreer het. Die skrikwekkende gevolge was dat die owerhede van sodanige state hulleself die reg toe-geëien het om met aanwending van buitensporige mag te regeer. Dwarsdeur die eeue vind ons gevolglik die bloedspoor van onregmatige optrede deur die staat, wat ter wille van die handhawing van die staat – nie die reg nie – nie gekroom het om selfs lewens te neem nie.

By nadere ondersoek na die manifestasie van totalitarisme, word gevind dat daar geen ontsag vir die Bybelse beginsels wat vir die staat geld, bestaan nie. 'n Totalitêre benadering beskou dit so as dat die staat se mag tot dié mate opgeëis/uitgeoefen moet word dat dit volledige seggenskap oor die geheel van die samelewing moet kan afdwing. Dit verontagsaam die beginsel dat die staat se bevoegdhede en magte in 'n beperkende sin tot slegs die handhawing van die reg behoort te geld, ter wille van die harmoniëring van die regsbelange van die samelewing. Alle ander belange waaraan 'n beskaafde en gedifferensieerde samelewing gekenmerk word, hetsy dit godsdienstig, kultureel, ekonomies ens., mag in die geval van die totalitêre staat nie langer selfstandig beoefen word nie. Die totalitêre staat matig hom dit aan/dwing dit selfs by wyse van wetgewing af, indien nodig, dat al sodanige belange onder die invloed en gesag van die staat gebring word. Dit vloei voort uit die politieke ideologie waarvolgens alles as behorende

tot die staat beskou word.

In Suid-Afrika bevind ons ons tans in 'n politieke drukkang waarvan alles daarop dui dat daar aan die oorgang na 'n totalitêre staat gewerk word. Die regerende party was nog nooit daarmee gediend nie dat die staat se mag en gesag beperk word tot slegs die ewewigtige behartiging van die regsbelange van die samelewing nie. Die owerheid wil alle belange, regte en vryhede opskort, ten einde gesentraliseerde mag en gesag onder 'n outokratiese bestel te vestig. Die individu moet 'n dienaar van die staat word oor wie selfs met dwang besluite geneem kan word. Beleidsrigtings en drakoniese wetsontwerpe waaraan die afgelope tyd beslag gegee word, is alles daarop gerig om die mag wat daar nog by ander instellings in die samelewing bestaan in te perk/op te skort, sodat alles en almal aan die staat diensbaar gemaak word. Die inwoners van SA en alle instellings moet aan die staat as enigste outonome entiteit onderwerp word. Daardeur matig die owerheid hom die reg aan om self tot 'n godheid verhef te word.

Definiëring

Totalitarisme (of **totalitêre regering**) verwys, volgens 'n inskrywing op die Wikipedia-webblad, na "n ideologie waarvolgens die owerheid geen beperkinge erken vir sy mag nie, en daarna strewe om elke aspek van publieke en private lewe te reguleer, sover dit uitvoerbaar is. Totalitêre regimes behou politieke mag deur allesomvattende propaganda deur middel van politiekbeheerde massamedia-uitsendings, 'n enkele party wat dikwels gekenmerk word deur persoonskultusse, beheer oor die ekonomie, regulering en beperking van spraakvryheid, massamonitering, en wydverspreide aanwending van terreur."

Vervolg van bl. 13: Massapsigose en die ANC se sataniese magsbeheptheid

begin their advance. Prayer is the barrage to drive back the demon hosts which are determined to stop the triumph of Christ. Prayer is the invincible force to break down every opposing wall, to open every iron gate and everfast closed door. Prayer penetrates every curtain of darkness, Prayer crumbles every bastion of darkness. Prayer demolishes every fortress of hell. Prayer is the all conquering, invincible weapon of the army of God. Therefore Jesus, our victorious Captain, lives to intercede." Maar, medestrydgenote: Die geloof moet ook in die werke tot openbaring kom. Laat ons dus werk en stry terwyl dit dag is ter wille van 'n Christen-

beskawing wat op die rand van die gletser wankel!

As Reformatoriese Christene het ons die versekering dat geen sataniese mag op die lange duur kan standhou nie: Selfs hulle ontvang beperkte mag van God (Romeine 13:1); hulle staan onder die oordele van God indien hulle nie hul werke van die duisternis aflê nie (Romeine 13:12); God veroordeel die praktyke van hulle wat hou van die leuen meer as om geregtigheid te spreek (Psalm 52:5); van diegene wat as rentmeesters en wagters oor die kuddes aan hul toevertrou moet optree, maar die skape verwaarloos, sodat hulle is soos

kuddes wat geen wagters het nie (1 Konings 22:17 en 2 Kronieke 18:16), sal God rekenskap eis; die grypsug van owerhede wat die eiendom van die regverdige gryp en toe-eien gaan nie ongestraf verby nie (1 Konings 21:1-8); God veroordeel diegene wat leuens spreek, ongeag wie hulle is (Spreek 13:5, 17:7, 30:8). Die ANC-regime van vandag staan onder dieselfde vermaning wat God tot alle mense rig – ongeag velkleur en ras: lê af die werke van die duisternis en bekeer julle van jul bose weë, deur die revolusie aan te stook en die Evangelie te verwerp, voordat God besoek aan julle doen!

Nederlandse Geloofsbesydenis, Artikel 36

Oor die opdrag van die owerheid

Ons glo dat ons goeie God – vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag – konings, vorste en owerhede verorden het, en dat dit sy wil is dat die wêreld regeer moet word deur wette en staatsinstellings, sodat die wanordelikheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en dié wat goed doen te beskerm. En hul opdrag is om nie alleen ag te gee op en te waak oor die staatsinstelling nie, maar ook om die heilige bediening te handhaaf, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdienste, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen, van watter hoedanigheid, rang of status hy

ook al mag wees, verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belastings te betaal, aan hulle eer en eerbied te betoon en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie; vir hulle voorbidding te doen, sodat dit die Here mag behaaf om hulle te rig in al hulle weë en sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Om dié rede verwerp ons die Wederdopers en ander oproerige mense; en in die algemeen almal wat die heerskappy van die owerhede verwerp en die regterlike mag omver wil stoot, wat die gemeenskap van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense vasgestel het, in verwarring bring.

Calvyn: Die taak van die owerheid

“Die Here getuig nie alleen dat die taak van die owerheid deur Hom goedgekeur word en Hom behaag nie, maar Hy het die aansien daarvan ook met uiters



eervolle lofliedere verhef en dit wonderbaarlik by ons aangeprys. Om maar net 'n paar te vermeld; almal wat 'n owerheidsamp beklee, word gode genoem. Niemand moet egter meen dat hierdie benaming van weinig belang is nie. Hiermee word immers aangetoon dat hulle 'n opdrag van God het; dat hulle met Goddelike gesag beklee is en God se Persoon ten volle dra omdat hulle in 'n sekere sin as sy plaasvervaardigers optree.”

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: Die staat in die ongelyk

Hugo Hayes

Probleemstelling

Indien dit sou wees dat die betekenis en essensie van ons Christelike belydenis, en spesifiek Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in afgelope dekades, vir kerk en volk in 'n sekere sin vervaag het, sou dit betreur kon word. Terselfdertyd egter, dwing die tydsomstandighede in ons land ons as gereformeerdes tans om indringende aandag aan ons eie getrouheid en verbintenis jeens hierdie belydenisstuk te gee. Nie slegs vanweë die scenario dat 'n regerende party, die owerheid, hom in geen onduidelike terme nie, op die revolusionêre pad begewe en dit die verantwoordelikheid van die owerheid in Bybelse sin op die voorgrond plaas. Maar ook tot dié mate dat kerk en volk in dergelike omstandighede hulleself moet afvra (i) watter gelding het ons Christelik-gereformeerde belydenis nog in ons tyd vir ons, en (ii) met watter mate van beslistheid sou ons bereid wees om Art. 36 tot gelding te bring; ja selfs met alle moontlike middele daarop te staan?, in die aangesig van 'n regerende party wat sedert bewindsaanvaarding alle beginsel oorboord gooi. Wanneer die geestelik koerslose en wankelende skip van die regerende party in werklikheid so 'n bedreiging op die see van beroering geword het dat dit almal rondom hulle in die grootste gevaar gebring en hulle vir hulself tot grootste vyand geword het. Het ons as Christen-Afrikaners m.a.w. 'n gefundeerde antwoord op die omvattende krisis waarin ons land gedompel is, deur toedoen van die ANC?

Vertrekpunte ter oorweging

As vertrekpunte vir bespreking,

sou dit eerstens gepas wees dat aandag gegee word aan die herkoms en ontstaan van Art. 36. En van daaruit ook te let op die voortgang daarvan in ons Protestantse stamlande en die kerke van gereformeerde belydenis in die eeue daaropvolgend. Vanselfsprekend dan ook t.o.v. die beslaggewing daarvan sover dit ons eie volk reeds sedert volksplanting betref. Tweedens, dat indringende aandag gegee word aan die implikasies wat die belydenis oor kerk en staat vir beide instellings inhou in hierdie benouende tydsgewrig waarin ons land tans staan. Hierdie belydenis komplimenteer die beskouing dat kerk en staat in 'n besonder noue verhouding tot mekaar staan, in teenstelling met die valse beskouing wat onder liberale denkstrominge gevind word. Ons gaan trouens van hierdie oorweging uit dat kerk en staat nie so van mekaar verwyderd staan nie, as wat in liberale kringe graag te kenne gegee wil word nie. Derdens, dat vasgestel wil word of die inslag en strekking van Art. 36 van so 'n aard is dat verklaar kan word dat dit sonder twyfel tot die krisis van ons huidige tydsomstandighede spreek. Waar die regerende party van SA hom geensins aan Art. 36 steur nie, maar ongehinderd op 'n pad van vernietiging voortwoeker, stel dit die uitdaging aan Christengelowiges van SA dat hulle hul oor die kerk-staat verhouding moet kan verantwoord.

Herkoms en ontstaan: Art. 36

Dit moet met die nodige nadruk gestel word dat Art. 36 van die NGB sy ontstaan midde-in die geloofstryd wat aanvanklik die Lutherane en later veral die Calviniste in Europa gevoer het,



gehad het. Dit gaan naamlik terug op die gespanne verhouding wat sover terug as die 16de eeu tussen die Rooms-oorheersde state en die Protestantse religie bestaan het en tot 'n spits gedryf was. Die Hugenote van Frankryk het met reg daarop aangedring dat hulle dieselfde erkenning binne die staatsopset moes geniet as enige ander burger; 'n standpunt wat egter met felle teenstand deur die Rooms-Katolieke Kerk en Roomsgesinde owerheid ontmoet was. Daardeur was die Hugenote in 'n posisie van uiterste onguns teenoor die owerheid geplaas. In hierdie omstandighede was die Protestante genoodsaak om hulle op 'n Bybelsgefundeerde belydenis oor kerk en staat te beroep, ten einde hulself teenoor 'n vyandige owerheid te kon verantwoord. In Frankryk het dit in 1559 tot die ontstaan van die *Confessio Gallicana* gelei, soos deur Calvyn opgestel, met 'n pertinente artikel oor die verantwoordelikheid van die owerhede. Ons gekoesterde belydenisstuk oor kerk en staat is in omstandighede van bloedige stryd gebore, met owerhede wat onder invloed van die Roomse Kerk die Protestantisme tydens St

Bartolomeusnag in Frankryk wou uitroei. Die hewige vervolging waarmee dit opgevolg was, het na die Nederlande oorgespoel, wat tot volksverset aanleiding gegee het. Gebeure wat ons opnuut herinner aan die stryd wat die Nederlandse Protestante daarna teen die Spaanse onderdrukking moes voer in die *Tagtigjarige Oorlog*. Vandag bevind ook ons ons in omstandighede dat ons onself moet afvra: hoe staan dit tans met die Protestantisme onder 'n openlik antagonistiese regerende party en wat behoort ons te doen?

Die *Nederlandse Geloofbelydenis* het sy ontstaan tydens die grootskaalse godsdienstige vervolging van die Protestante in die Nederlande, die Geuse, gehad. Dit was nadat Philippus II van Spanje, fanatieke Rooms-Katoliek, met sy militêre aanslag op die Nederlandse Protestante begin het. Dit is aan ons bekend hoedat Guido de Brès ter verdediging van die Nederlandse Protestante ingetree en die Franse geloofbelydenis laat hersien het, met die oog op die aanvaarding daarvan deur die owerhede. Die NGB wat eers later deur die Nederlande goedgekeur is, het só, deur bemiddeling van De Brès en medewerkers, tot stand gekom. In 'n begeleidende brief aan die owerhede het De Brès daarop gewys dat die Protestante dapper, vrome, gehoorsame, onderdane is wat slegs maar begeer om God-Drieënig na hulle geloofsoortuiging te dien. Hiervoor moes De Brès egter na Frankryk vlug en later met sy lewe boet toe hy buite die stadhuis van Valenciennes tereggestel is.

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* is daarna so vroeg as 1562 in Nederlands vertaal en in 1566 deur die Sinode van Antwerpen goedgekeur. Tydens die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het dit sy finale beslag gekry en word sedertdien as een van die hoekpilare van die

gereformeerde leer erken. En wat ons eie geskiedenis en volkswording betref, was hierdie belydenis sedert volksplanting die onbetwiste steunsel vir ons volks- en kerklike lewe. Reeds sedert Van Riebeeck se koms na die Kaap was dit 'n erkende belydenisskrif van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Met die Kaapse Ordonnansie 7 van 1843 is die NGB ook deur die staat as amptelike belydenisskrif van die NG Kerk aanvaar. Sedertdien het beide die Nederduitse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk die NGB as amptelike kerklike belydenisstuk erken.

Die besondere inslag van Art. 36

Art. 36 vind sy steun grootliks in die *Institusie van Calvyn*, waar dit op die positiewe Christelike taak van die owerheid betrekking het. In sy Boek VI verklaar Calvyn soos volg:

Maar die burgerlike owerheid het die taak om, solank as wat ons onder mense leef, die uiterlike godsdienste te ondersteun en te beskerm, asook die gesonde leer van die vroomheid en die instelling van die kerk te verdedig.

Verdere konstatering hiervoor word gevind in Calvyn se formulering van die drievoudige taak van die owerheid, waaruit blyk dat Art. 36 uit die *Institusie* voortgekom het. Waarin hy dit stel dat die owerheid die taak het om geregtigheid onder die mense te handhaaf, asook dat die godsdienste beskerm word en die openbare eerbaarheid in stand gehou word.

Wanneer 'n erkende Nederlandse Gereformeerde predikant soos Van Lonkhuysen verklaar dat Art. 36 sy oorsprong in die *Institusie* van Calvyn het, kan ons dit ernstig opneem, veral n.a.v. sy volgende uitspraak: "want zoals men weet, zijn de bekende woorden van Art. 36 Nederlandse geloofsbelydenis over de taak der Overheid insake

de religie, uit de Institusie van Calvyn overgenomen".

Betekenisvolle klem word deur Calvyn daarop geplaas dat dit vir die owerheid noodsaaklik is om die boosheid van die mensheid te beteuel: "sodat daar geen afgodediens, geen heiligskenne van God se Naam, geen lasteringe teen sy waarheid en ander aantastinge van die godsdienste openlik sou ontstaan en onder die volk uitbrei nie, sodat onder die Christene 'n openbare gedaante van godsdienste sou wees en onder die mense mensliwende omgang sou bestaan".

Insgelyks het Guido de Brès hom om begryplike redes op Calvyn se *Institusie* verlaat, in die opstel van die NGB, aangesien dáárin veel meer uitvoerig oor die positief-Christelike taak van die owerheid gehandel word.

Ter opsomming dus, word daarop gewys dat die NGB na sy wese as Calvinisties bestempel moet word en onteenseglik as belydenisstuk vir ons kerklike en volkslewe sy beslag gekry het.

Die Bybelse grondslag van Art. 36

Die Bybelse grondslag van Art. 36 is onmiskenbaar. Geen lewensterrein is van die soewereiniteit van God uitgesluit nie, soos reeds deur Calvyn aangetoon. Net soos die kerk is die staat geroepe om God te dien en vir die eer van sy Naam te ywer. Hierin vind ons trouens die ideaal vir die Christelike staat, waar die owerheid as dienaar van God in die uitvoering van sy roeping en taak dit só doen dat daar vir die eer van God se Naam en tot heil van die samelewing opgetree word. Die owerheid is onherroeplik aan God se Woord gebonde en geroepe om die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die Evangelie orals te laat preek, en wat daarop volg. Hierdie artikel staan dus vierkantig in die Woord

Vervolg op bl. 19

Die taak en rol van 'n Christenonderwyser

Opgestel deur Pieter Bischoff

Onderwysers het ook tekortkominge en gebreke

Die besondere gesagsposisie waarin die Here 'n onderwyser plaas, beteken beslis nie dat 'n onderwyser geen tekorte en gebreke het nie. Die sondige aard van onderwysers sal meebring dat hulle ook foute in hul beroepslewe begaan. Dit mag selfs gebeur dat onderwysers leerlinge valslik van oortredings beskuldig of leerlinge verkeerdlik straf. In sulke gevalle is dit belangrik dat onderwysers nie net hulle foute moet kan erken nie, maar ook waar nodig om verskoning vra. Daar is min dinge wat 'n leerling meer grief as 'n onderwyser wat weier om te erken dat hy of sy 'n fout begaan het. Stel eerder aan jou leerlinge 'n mooi voorbeeld van hoe 'n persoon onvoorwaardelik en opreg vir sy verkeerde denke of dade om verskoning vra.

Gelowige onderwysers moet wel bewustelik daarna streef om nie deur hul eie optrede die leerlinge te vertoorn nie. Dit kan maklik gebeur dat onderwysers hulle skuldig maak aan die volgende optrede:

- Onderwysers wat meerderwaardig optree deur voor te gee dat hulle altyd alles weet. Geen kollega of leerling kan hulle tereg wys of iets nuuts leer nie.
- Inkonsekwente optrede van 'n onderwyser. Gedrag wat vandag toelaatbaar is, soos om te eet gedurende 'n les, is môre onaanvaarbaar en strafwaardig.
- Onderwysers wat onbillike verwagtinge van hul leerlinge koester of onnodig streng optree. Die hoeveelheid huiswerk wat leerlinge byvoorbeeld oor naweke ontvang, is onredelik.

- Deur dinge van leerlinge te verwag wat die onderwyser self nie nakom nie. Geen selfone word byvoorbeeld in die klas toegelaat nie, maar die onderwyser lees of stuur self sy boodskappe.
- Deur onbillike of onregverdige straf uit te deel. 'n Leerling wat onskuldig is en tog gestraf word, sal dit nie gou vergeet nie.

In sulke gevalle trek 'n onderwyser nie die leerlinge deur sy gedrag na Christus toe nie, maar stoot hulle die leerlinge eerder van Hom af weg.

Onderwysers wat hulle eie gebrokenheid besef het in die reël ook begrip vir ander persone se tekortkominge. Hulle verstaan as 'n kollega soms nalaat om 'n belangrike taak betyds af te handel of as 'n leerling 'n fout begaan. Dit beteken beslis nie dat jy dit wat verkeerd is maar moet oorsien of gelate moet aanvaar nie, maar wel dat jy met die nodige begrip en empatie teenoor ander persone moet optree. Die apostel Paulus wys die inwoners van Efese daarop dat hulle mekaar in liefde moet verdra as die een die ander op een of ander wyse te na kom. Dieselfde gesindheid moet ook uit 'n onderwyser se denke en dade blyk.

Om 'n onderwyser te wees

Wat 'n geweldige verantwoordelikheid is dit om 'n onderwyser te wees. Om te dink dat die almagtige God gewone mense in sy diens gebruik om sy kinders te onderrig! In gehoorsaamheid aan Jesus Christus moet elke gelowige onderwyser die leerlinge leer om alles wat God in sy Woord beveel, te onderhou. Hierdie opdrag omvat veel meer as net Jesus Christus se verlossingsdade aan die kruis. Ten diepste gaan dit



oor God se ewige Koningskap op alle lewensterreine, ook die onderwys met al sy verskillende fasette. Om hierdie taak sinvol te kan uitvoer moet gelowige onderwysers moeite doen om hulself te vergewis van wat God in sy Woord, maar ook in sy werke, openbaar. Daarom is gereelde Bybelstudie en 'n deeglike begroning van hul vakgebied vir gelowige onderwysers van uiterste belang. (Meer hieroor in deel vier van hierdie reeks wat handel oor 'n Bybelse begroning van elke vakgebied.)

Vir gelowige onderwysers wat wel God se almag erken en dit ook in hul beroep uiteleef is daar 'n mooi en ryk belofte. Hulle sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Hulle werk nie uit hul eie krag of vermoë nie, maar in biddende afhanklikheid aan die Here. Daarom kan en mag hulle net soos Moses vra dat die Here nie sy heerlikheid van hul leerlinge sal laat wyk nie, maar eerder die werk van hul hande sal bevestig. Vir sulke onderwysers vorm hul dagtaak deel van die praktiese uiteleef van hulle geloof op alle lewensterreine. Dit bied nie net volkome vreugde en vrede nie, maar gee ook ware sin aan die lewe.

Daarteenoor waarsku Jesus Christus dat diegene wat God se gebooie breek en die mense só leer, die minste in die koninkryk van die hemele genoem sal word. Persone wat hulle daaraan skuldig maak sal eendag daarvoor rekenskap moet gee. Dit geld in besonder vir ouers of onderwysers wat kinders van die Here afvallig maak. Jesus Christus leer dat dit vir hulle beter sal wees om met 'n meulsteen om hul nek, weg te sink in die dieptes van die see. Gelowige onderwysers moet daarom mooi besin hoe hulle die

gawes en talente wat hulle van die Here ontvang tot Sy eer kan en moet aanwend. Of dit nou 'n les is wat jy aanbied of die koor wat jy afrig, alles moet van God se eer en glorie getuig.

Ter oorweging

Die skrywer van die Hebreërbrief wys sy lesers daarop dat dit belangrik is om hulle voorgangers te gedenk. Kan jy aan een of meer van jou onderwysers dink wat 'n besondere invloed op hul leerlinge uitgeoefen het?

Vrae:

1. Wat het die onderwyser gedoen wat hom of haar van ander onderwysers onderskei het?
2. Watter lesse het jy by die persoon geleer wat jy in die uitoefening van jou beroep graag sal wil toepas?

Vervolg van bl. 17: Artikel 36 van die NGB

van God gegrondves, ten opsigte waarvan verskeie Skrifgedeeltes aangehaal kan word.

Die bepaling van Art. 36

'n Vry-vertaalde formaat van die bepaling van Art. 36 waar dit in besonder oor die Christelike roeping van die staatsowerheid gaan, kan soos volg weergegee word (Raath, 2009):

“Ons glo dat ons goeie God vorste en owerhede verorden het, vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, omdat dit Sy wil is dat die wêreld regeer moet word deur wette en regerings, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf maar die vromes te beskerm. Die amp van die owerheid behels nie slegs dat hy moet ag gee op en waak oor die burgerlike regering nie, maar ook die beskerming van die heilige kerkdiens: om alle afgodery en valse godsdiens uit te roei en die ryk van die antichris ten gronde te rig en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder en die Woord van die Evangelie oral te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien kan word soos Hy in Sy Woord beveel.”

Die volgende kernbeginsels kan hieruit geneem word:

i) Elke skepsel moet God se eer verkondig; eweseer die owerheid wat deur God ingestel is.

ii) Die owerheid is in sy regeertaak aan die Woord van God en in besonder die Wet gebonde.

iii) Die onderskeid tussen en die selfstandigheid van kerk en staat moet deurgaans gehandhaaf word.

iv) Daar behoort, op Bybelse grondslag, voortdurende samewerking tussen kerk en staat te wees.

Daar kan geen twyfel daarvoor wees nie dat die staat, soos die kerk, aan die gesag van die Woord van God onderworpe staan en in gebondenheid daaraan.

Implikasies vir kerk en staat

Die inhoud en strekking van Art. 36 vir kerk en staat is verregaand. Wat ons heersende tydsgewrig betref, is die kardinale vraag: Tot welke mate beantwoord kerk en staat aan die vereistes daarvan? Die kerk enersyds, mag daarop aandring dat die staat die bepaling gehoorsaam, indien die kerk haarself ook daaraan gebonde ag en aan haar roeping gehoorsaam is. Die staat andersyds, behoort op die

aandring van die kerk ag te slaan, wanneer van die kerk se kant af op die staat se verpligting gewys word. Maar selfs sonder dat kerk en staat mekaar wedersyds tot verantwoording sou roep, is beide daartoe verplig om aan Art. 36 te voldoen. Die staat is in geen posisie dat hy hom eiewillig daarvan kan losmaak nie.

Art. 36 stel beide kerk en staat voor voldonge gehoorsaamheid aan God. Geeneen sou op enige gronde die implikasies daarvan kan ontwyk nie, in die lig van ons Calvinistiese uitgangspunt. Die geldingskrag en trefwydte van Art. 36 is sodanig dat die enige staatsowerheid homself voortdurend van die verpligtinge daarvan moet vergewis. Verder roep die Calvinistiese herkoms daarvan alle Protestante op om hulleself te verantwoord oor die huidige stand van owerheidsoptrede in ons land en besinning daarvoor, naamlik dat revolusionêr (anti-normatief) van die Bybelse beginsels vir staatsordening afgewyk word. Die kernvraag op die tafel is: wat staan ons as Christen-gelowiges te doen wanneer die staat in gebreke bly en die gesag van God en sy Woord openlik uitgedaag word?

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19: Artikel 36 van die NGB

Heersende toedrag: die staatsowerheid

Betreffende die SA staatsowerheid moet gekonstateer word dat die regerende party, volgens waarneming, geen begrip toon vir die Bybelse eise van goeie regering nie. Die toespitsing van Art. 36, sover dit die verantwoordelikheid van die staat betref, figureer ten ene male nie in die ANC se benadering tot hulle regeertaak nie. Gebaseer op hóé daar met die land se belange omgegaan word, sou met stelligheid verklaar kan word dat hulle geen benul het van wat van 'n Christelike owerheid verwag word en wat die roeping en taak is waaraan hulle hul behoort toe te wy nie. Voeg daarby ook nog dat daar sedert die oorgang na 'n sg. demokrasie, na wete meer as een geleentheid voorgekom het dat daar profeties van die kant van die kerk in die breë en van individue, ernstige gesprekke met die owerheid gevoer was oor waarmee die regering besig is. So kan reeds sover as die jare 90 teruggegaan word, met aantoning van die soort wetgewing wat onder regering van die ANC as 'n meerderheid aanvaar is. Met aborsie-wetgewing as van die eerstes daarvan, ter illustrasie, onder leiding van hulle veelgeroemde eerste president.

Ons waarneming as Christen-burgery is dat welmenende oproepe, vermanings en selfs waarskuwings aan die adres van die regerende party alles weinig indruk gemaak het. Die ANC was en is vasbeslote om op hulle destruktiewe pad te volhard en die land met hulle daarop saam te neem.

Die Kerk moet op Art. 36 staan

Dit bring ons by die posisie van die kerk en in besonder die Kerke van gereformeerde belydenis in ons land. Wanneer die staatsowerheid se handelwyses in stryd met die wil van God gekom het, laat dit die Kerk in 'n posisie dat nie daarvoor geswyg kan word, maar méér as dit. Benewens dat die Kerk teenoor die staat moet getuig, laat die optredes van die staat soos tans in SA die Kerk geen ander uitweg nie as dat daar by die owerheid aangedring moet word op die nakoming van sy verpligtinge in terme van Art. 36., ter wille van die eer van God in die eerste plek. Die staat moet op sy Bybelse verantwoordelikhede gewys word. Die Kerk moet in hierdie omstandighede by die bepaling van Art. 36 staan en eis dat die staat tot die gehoorsaming daarvan verplig is, wat ookal die reaksie van die owerhede. Indien dit tot vervolging van die

Kerk sou lei, moet die Kerk dit lydelik aanvaar, met die wete dat gehoorsaamheid aan die Here haar eerste prioriteit is. En verder, deurdat dit (vervolging) 'n bevestiging sal wees dat die staat die gesag van God en sy Woord verwerp het.

Protes of Verset?

Teen die voormelde agtergrond beskou, is dit die gevolgtrekking dat ons in bepaalde opsigte reeds by die punt van protes verby is. Waar nou reeds oor dekades heen herhaaldelik protes teen owerheidsoptredes aangeteken was, met weinig positiewe gevolge vir kerk en volk, staan ons stellig nou voor die werklikheid dat ons geen ander keuse het nie as om tot verset te moet oorgaan. M.a.w. dat in die lig van kritieke politieke-ideologiese wantoestande, soos dit tans in ons land manifesteer, gepaste optredes van verset oorweeg sal moet word.

Bronne:

Calvyn, J. *Institusie van die Christelike godsdiens*.

Raath, A.W.G. 2009. *Die Protestantse Staatsbeskouing en Verset*. VCHO-publikasie.

Van Lonkhuysen, J. *Ter Herinnering aan het Vijf en Twintig-Jarig Ambtsjubileum 1899-1924*.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341

Faks (051) 522 4513

E-pos: hugo@vcho.co.za

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes